# HOOFSTUK II.

## TREKKER-STAATSHOOFSKAP VERDWYN IN NATAL.

### 1. Goewerneurspos nie weer opgevul nie.

Kragtens die Vetrivierse bestuursreëling was Maritz die aangewese opvolger van Retief, wat in Februarie 1838 deur Dingaan vermoor is,[1] maar hy het nie in die goewerneursamp getree nie, hoewel hy in bestuursaangeleenthede die voortou geneem het. Op 28 Maart 1838 is 'n algemene volksvergadering in die laer van Maritz te Doornkop, aan die Boesmansrivier, gehou met die doel

> "om de beste middelen te beramen om met 'n kommando reizigers de vyand te gemoet te trekken en met Gods hulp te bevechten."[2]

Die inisiatief tot die byeenroeping van hierdie vergadering het vanselfsprekend van Maritz uitgegaan in sy hoedanigheid as voorsitter van die Raad van Politie, wat nog bestaan het. Op hierdie vergadering is waarskynlik ook die kwessie van leierskap bespreek. Erasmus Smit spreek daar nie baie duidelik van nie want hy was blykbaar nie self op die vergadering teenwoordig nie. Al wat hy aanteken is dat diegene wat na die vergadering gery het, teen die aand in die laer teruggekeer het met die berig dat alles goed afgeloop het en gereël is, en dat

> "de heer G.Maritz blyft in zyn post, en is nu ook Heer van de Weeskamer zowel als van de Boedelkamers;[3] en de heer P.Uys is door de volkstem ge-

---

1) In hierdie verband kan nie met Van Heerden saamgestem word as hy die volgende beweer nie. "Die Trekkers was leierloos. Sy (d.i.Retief se) opvolger moes gekies word uit Gert Maritz, as hoof van 'n aansienlike groep; Pieter Uys, as leier van 'n invloedryke familie en Hendrik Potgieter, aanvoerder van die eerste Groot Trek."(Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.7). Mens kan jou moeilik voorstel dat Uys, wat pas ses maande tevore aan Retief geskrywe het dat hy en sy mense nie die wette van die Trekkerregering sou erken nie, ens. (kyk hoofstuk I, bl.51 van hierdie werk),en Potgieter, wat nie na Natal toe wou trek nie, kandidate vir die leierskap sou wees. Buitendien was daar voorsiening vir die tydelike plaasvervanging van Retief (kyk hierbo, bll. 48-49).

2) Dagboek van Erasmus Smit, 28 Maart 1838 (Preller: Voortrekkermense II, bl.188).

3) Omstandighede het die amp nou baie noodsaaklik gemaak. Kyk Thom: a.w.,bll.226-227.

> kozen tot Generale Veldkommandant voor deze oorlog tegen de verraderlike vyand Dingan; maar by 't wetgevende lichaam zyn de instruktiën en regulatiën gemaakt, dat de heer P.Uys en de andere Veldkommandants, Pretorius, Potgieter, enz. zamen zullen raadplegen."[4]

Die besluit wat op hierdie volksvergadering geval het, dui al dadelik aan dat 'n nuwe koers ingeslaan sou word en dat die goewerneurs- en hoofkommandantsrang, wat gesamentlik deur Retief beklee is, nie weer opgevul sou word nie. Maritz se posisie is niks verander nie; hy het voorsitter van die Raad van Politie gebly terwyl hy die twee administratiewe poste van weesheer en hoof van die boedelkamer bygekry het. Wat die hoofkommandantskap betref, lyk dit uit Smit se bewoording asof Retief se mantel in dié opsig op Piet Uys geval het want hy is deur die volkstem benoem tot Generale Veldkommandant. Dat dit egter geheel nie die geval was nie, blyk uit die verdere mededeling dat hy as sodanig benoem is slegs vir die duur van die op hande synde veldtog teen Dingaan, dat hy sy instruksies van die wetgewende mag ontvang het, terwyl hy tewens op gelyke voet met die ander veldkommandante, w.o. Hendrik Potgieter, wat intussen in Natal aangekom het,[5] moes raadpleeg. Van 'n permanente hoofkommandantsrang was daar op daardie oomblik ook geen sprake nie. Maritz sou tuisbly om die laer te verdedig.

2. Posisie van Maritz in Natal.

Die besluit van die volksvergadering op 28 Maart 1838 het die handhawing van die Vetrivierse bestuursreëling ingehou, maar die feit dat die goewerneurspos nie weer opgevul is nie, het by implikasie 'n terugkeer tot die bestuursreëling van 2 Desember 1836 ingehou. Dit het dan vanselfsprekend aan die Raad van Politie 'n verhoogde status verleen wat betref die uitvoerende gesag, want in die afwesigheid van 'n bepaalde persoon of liggaam, wat spesiaal met uitvoerende bevoegdhede beklee was, moes die Raad van Politie as sodanig optree. Die volle uitvoerende verantwoordelikheid, wat by die burgerraad van 2 Desember 1836 berus het, en wat daarna deur Retief uitgeoefen is, het nou weer na

---

[4] Preller: Voortrekkermense II, bll.188-189.

[5] Kyk Van der Walt: Die Groot Trek tot 1838 (Geskiedenis van Suid-Afrika I, bl.295 en voetnoot 25).

die Raad van Politie teruggekeer, sonder dat daar blykbaar 'n definitiewe besluit in dier voege geneem is. Maritz,as voorsitter van genoemde raad, het dus in die spore van Retief getree as voorsitter van die uitvoerende gesag en derhalwe die staatshoofskap verteenwoordig - net soos hy vroeër enkele maande gedoen het. Tereg verklaar Thom dan ook dat Maritz deur hierdie vergadering

> "nou nog meer definitief in die posisie van burgerlike hoof geplaas (is),"[6]

'n posisie wat hy sedert die dood van Retief beklee het omdat hy dadelik die nodige leiding op hom geneem en die nodige maatreëls getref het.[7]

Dat Maritz besef het wat van hom as staatshoof verwag is, blyk uit sy verdere optrede.[8] Dat hy 'n uiters moeilike taak in hierdie tydperk van verwarring en onsekerheid gehad het, ly geen twyfel nie. Na die rampspoedige slag van Italeni, waarin Uys die lewe gelaat het, en waarná Potgieter vanweë onregverdige beskuldiginge wat hom teen die hoof geslinger is, Natal verlaat het, het die moedeloosheid onder die Trekkers geen perke geken nie en het sommige selfs te kenne gegee dat hulle na die Kaapkolonie wou terugkeer.

As staatshoof het Maritz 'n uiters belangrike taak gehad om die moedeloosheid onder sy volk teë te gaan en hulle tot groter daadkrag op te wek en aan te spoor. Een van sy eerste take was om ander mense, buite Natal, onder die indruk te bring van die benarde toestand waarin die Natalse Trekkers verkeer het en hulp te probeer vind. Noodleniging onder sy swaar geteisterde volk het hoë eise aan sy kragte en persoonlike besittinge gestel. Hy moes aandag skenk aan die behoorlike organisasie van die Trekkers in doeltreffende en geskikte laers om voorbereid te wees op enige verdere en baie moontlike gebeurlikhede. 'n Besoek is aan Port Natal gebring om met die Engelse handelaars aldaar te onderhandel in verband met hulp teen die naturelle en die verkryging van noodsaaklike lewensmid-

---

6) Thom: t.a.p.,bl.232.
7) Ibid., hoofstuk XIV.
8) Die gegewens i.v.m. Maritz se optrede is ontleen aan Thom: a.w., hoofstuk XV.

dele. Port Natal is deur hom en Landman as Boere-gebied verklaar en Alexander Biggar, 'n Engelse nedersetter, is tot magistraat oor die gebied aangestel. Van hierdie tog af het Maritz egter siek teruggekom, 'n siekte waaraan hy in September 1838 beswyk het. Sy tyd as staatshoof was dus ook maar kort want vanaf sy terugkeer van Port Natal kon hy nie meer behoorlike aandag skenk aan die nakoming van al die belangrike verpligtinge wat op sy skouers gerus het nie.

3. Reorganisasie van burgerlike bestuur.

Op 25 Mei 1838 is weer 'n algemene volksvergadering gehou in Modderlaer, waar die Trekkers hun tegenwoordige staat bespreek en besluit het dat 'n strafkommando teen Dingaan op 6 Junie sou uittrek.[9] Op hierdie vergadering was Jacobus Boshof teenwoordig, 'n man wat uit hoofde van die betrekking wat hy in die Kaapkolonie beklee het, heelwat kennis van bestuursaangeleenthede gehad het. Onder andere is ook op die vergadering besluit om aan die reorganisasie van die burgerlike bestuur aandag te skenk, en is aan Jacobus Boshof en anderen opgedra om instruksies op te stel vir diegene wat as amptenare in die burgerlike bestuur van die Trekkers gedien het en nog sou dien. Hoewel Maritz as hoof van die burgerlike bestuur seker ook die leiding van hierdie vergadering op hom geneem het, en hoewel hy klaarblyklik al 'n hele krygsplan uitgewerk gehad het, word sy naam in verband met die vergadering en die besluite wat geneem is, nie een keer genoem nie. Trouens, Maritz is uit alle militêre werk uitgeskakel deur die verkiesing van Karel Landman tot algemene kommandant, ongeveer dieselfde tyd toe die volksvergadering plaasgevind het.[10]

4. Die Regulatien en Instruktien.

Die resultaat van die werk van Jacobus Boshof en andere was die totstandkoming van die bekende Regulatien en Instructien voor de Raad van Representanten van het Volk, aan Port Natal en omliggende Land,

---

9) Hierdie besluit is nie uitgevoer nie vanweë die swak toestand waarin die perde verkeer het. Kyk Thom: a.w., bl.242).

10) Thom: a.w., bll.242-243; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.9.

en die Regulatien en Instructien voor de Regter of Magistraat, en de maniere van Regtspleging voor het gemeenbest aan Port Natal, en dies omtrek."[11]

---

[11] Gepubliseer in Preller: Voortrekkerwetgewing, Pretoria, 1924, bll.XII-XVI, en ibid.:Voortrekkermense II, bll.303-307. Volgens A.J.du Plessis (a.w., bl.163) kan nie presies vasgestel word wanneer hierdie Instruksies opgestel en in werking gestel is nie. Op grond van 'n anonieme brief vanuit Natal, d.d. 15 April 1838, gestuur aan De Zuid-Afrikaan (in die uitgawe van 8 Junie 1838 gepubliseer) deur A.W.J.Pretorius (ook gepubliseer in Preller: Voortrekkermense VI, Bloemfontein, 1938, bll.7 e.v.), waarin gemeld word dat na die dood van Retief en die plaasname van die groot moorde, en voor die uitstuur van die Vlugkommando onder Uys en Potgieter, d.w.s. tussen 17 Februarie en 28 Maart 1838, 'n raad van 24 persone aangestel is en dat hulle die kommando uitgestuur het (Voortrekkermense VI, bl. 8), kom du Plessis dan tot die gevolgtrekking dat "aangesien die Volksraad onder die 'Instructiën' gekies was, moes laasgenoemde dus al voor die 15de April 1838 in werking gewees het." Op grond van wat kommissaris Cloete in sy brief aan goewerneur Napier, d.d. 4 Julie 1843, beweer (Bird: Annals of Natal II, bl.207), nl. dat kort na die dood van Retief daar besluit sou gewees het om 'n meer demokratiese en volksregering in te stel, is du Plessis van mening dat die Instruksies tussen die einde van Februarie en middel April 1838 tot stand moes gekom het. Volgens hierdie gegewens kan die tydperk waarin die Instruksies hulle ontstaan gehad het en in die werk gestel is, verkort word tot 28 Maart, die dag waarop besluit is om die kommando teen Dingaan uit te stuur. Dit is eienaardig dat du Plessis die getuienis van 'n anonieme brief en dié van kommissaris Cloete bo dié van Erasmus Smit aanvaar, aangesien kommissaris Cloete op 5 Junie 1843 eers in Natal aangekom het (Preller: Andries Pretorius, bl. 274); dus meer as vyf jaar nadat al hierdie gebeurtenisse plaasgevind het. Gevolglik kon hy geen eerstehandse getuienis gee nie. Van die aantekeninge van Smit, die man wat 'n tydgenoot en aanskouer van al die gebeurtenisse was, neem du Plessis geen notisie nie en word dit ook nêrens vermeld nie. Uit die teks hierbo is dit egter duidelik dat die Instruksies hul ontstaan gehad het tussen 25 Mei 1838, toe aan Boshof e.a. opgedra is om sodanige instruksies op te stel, en 4 Junie 1838, toe die Instruksies deur 'n volksvergadering aanvaar is. Die redenasie van du Plessis dat die Instruksies voor 15 April opgestel moes gewees het omdat daar voor daardie datum al 'n raad van 24 lede gekies was, kan ook nie aanvaar word nie. Dit is heeltemal moontlik dat daar so 'n raad van 24 lede kon bestaan het, hoewel dokumentêre gegewens, met uitsondering van die genoemde anonieme brief, ontbreek om dit te bewys. Indien dit die geval was, kon so 'n raad kragtens 'n besluit van 'n gewone volksvergadering om die getal lede van die bestaande Raad van Politie tot 24 te vermeerder, gekies gewees het, sonder dat daar enige verdere instruksies vir hulle opgestel

Hierdie Instruksies vir die amptenare was op 4 Junie gereed, maar daar kon op die datum geen inswering van amptenare plaasvind nie vanweë 'n geskil wat tussen Maritz en Jacobus Uys ontstaan het.[12] Op 11 Junie het weereens 'n volksvergadering plaasgevind, waarop Jacobus Boshof as voorsitter opgetree het.[13]

---

was. Die Instruksies wat deur Boshof en ander opgestel is, en waarin bepaal word dat die raad uit 24 lede sou bestaan, kon 'n aanpassing by so 'n bestaande reëling gewees het. Wat 'n mens al dadelik krities stem teenoor die anonieme brief, is dat gemeld word dat die raad van 24 lede die kommando uitgestuur het, terwyl Smit meld dat 'n volksvergadering (gehou op 28 Maart 1838) besluit het om so 'n kommando te stuur; die brief maak verder alleen van Uys melding as aanvoerder van die kommando terwyl Potgieter se naam nie genoem word nie. Bo alles is dit haas ondenkbaar dat die Trekkers tussen Februarie en 28 Maart, te midde van dood en verwoesting wat op hulle neergesak het en wat elke oomblik weer te wagte was, nog die tyd sou kon vind om regulasies en instruksies vir amptenare, ens., op te stel. Van Heerden (<u>Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860</u> - <u>Historiese Studies</u>, Des.1944, bl.214) verklaar, blykbaar in navolging van Preller (<u>Voortrekkerwetgewing</u>, bl.14) dat die Instruksies uit Oktober 1838 dateer. Op bl.193 van die aangehaalde werk beweer Van Heerden ook dat die Instruksies die werk van die burgerraad was. Dit strook nie met die feite soos hierbo in die teks weergegee nie. Wichmann (a.w., bl.18, voetnoot 25) is 'n bietjie versigting as hy die datum van opstelling van die Instruksies as Oktober 1838 aangee. Hy verklaar egter sonder meer (a.w., bl.18) dat die getal Volksraadslede deur die Instruksie tot 24 vermeerder is, sonder om daarmee rekening te hou dat die vermeerdering al moontlik voor die opstel en aanname van die Instruksies plaasgevind het.

12) <u>Dagboek van Erasmus Smit</u>, 4 Junie 1838 (Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.210). Die onenigheid het blykbaar gegaan oor die feit dat die Uys-groep nie aan die magistratuur van Maritz onderworpe wou wees nie (vgl.brief van Boshof in <u>The Graham's Town Journal</u>, 23 Aug.1838, oorgeneem deur <u>De Zuid-Afrikaan</u>, 7 Sept. 1838; ook gepubliseer in Chase: <u>The Natal Papers II</u>, bl.33). Op 'n volgende vergadering, gehou op 9 Junie, het die Uys-groep weer geëis dat "voor hun leger 'n plaatselike of legerlike magistraat" benoem moes word. Oor dié saak kon daar nie eenstemmigheid bereik word nie, sodat die groepe van mekaar geskei het (<u>Dagboek van Erasmus Smit</u>, 9 Junie 1838 - Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.211).

13) <u>Dagboek van Erasmus Smit</u>, 11 Junie 1838 (Preller: <u>Voortrekkermense II</u>, bl.212).

ŉ Vraag wat ontstaan, is, wat op hierdie stadium van Maritz geword het en of die feit dat hy siek was daarvoor verantwoordelik was dat hy nie die leiding kon neem nie, óf was die vete tussen hom en Uys, wat op die vergadering van 9 Junie nie opgelos kon word nie, die oorsaak waarom hy nie die voorsitterstoel ingeneem het nie? Thom gee self nie ŉ antwoord op hierdie vraag nie.[14] Ongelukkig meld Smit nie wat alles op die vergadering plaasgevind het nie, behalwe net dat alles goed afgeloop het. Mens kan jou egter voorstel dat op hierdie vergadering ook sake rakende die bestuur van die Trekkers bespreek is, en veral die kwessie van ŉ voorsitter vir die Volksraad, wat op hierdie stadium ook die uitvoerende gesag uitgeoefen het. Blykbaar het Maritz op hierdie tydstip nie meer so ŉ groot vertroue onder die Natalse Trekkers geniet as vroeër nie, en het alreeds ernstige partyskappe ontwikkel.[15]

---

14) Vgl. Thom: a.w., bl.243, waar slegs melding gemaak word van die feit dat Boshof voorgesit het.

15) By sy terugkeer uit Natal in Graaff-Reinet, het Boshof o.a. gemeld "dat de Trekkers er zeer slecht aan toe zyn, zonder eenig bepaald gouvernement of regulatiën - dat ieder die slechts zyn naam kan teekenen, den eenen dag wordt verkozen tot Opperhoofd, en den anderen dag weder wordt afgezet." (The South African Commercial Advertiser, 14 Julie 1838; oorgeneem deur De Zuid-Afrikaan, 20 Julie 1838). By ŉ later geleentheid meld hy dat Maritz, behalwe die amp van magistraat, ook die van Opper-kommissaris of president beklee en dat hy as sodanig belas is met alle publieke gelde en die inkomste en uitgawes reël. Verder sê hy dat die Trekkers ŉ "kundig opperhoofd" (waarmee blykbaar ŉ hoogste uitvoerende amptenaar bedoel word) kortkom - "iemand in alle opzichten geschikt om hen te bestieren, en te geleiden, en die gene betrekking met enige party hebbende, het vertrouwen van allen kan winnen. Zy gevoelen dit gebrek zeer, en het is het algemene gevoelen, dat byaldien zich ŉ zodanig persoon voordeed, hy schielik alle partyzucht, achterdocht en jalouzie onder hen zoude doen ophouden, zowel als hebzuchtige personen beletten, verdeeldheden onder hen te zaayen, die, ofschoon dikwels van ŉ geringe aard, te dikwerf veel onrust gebaard, en hen in vele moeilikheden, hebben gedompeld. Dergelike geschillen hadden aanleiding kunnen geven tot vele rampen, waren dezelve niet tegengegaan geworden door ŉ algemene verdraagzaamheid, waardoor de partygeest belet is geworden tot personele haat onder elkanderen te ontaarden ...." (Boshof se uiteensetting van die toestande onder die Natalse Trekkers: De Zuid-Afrikaan, 7 Sept.1838, soos oorgeneem uit The Graham's Town Journal, 23 Aug.1838; ook gepubliseer in Preller: Voortrekkermense VI, bll.28 e.v.)

Die vermoede dat die kwessie van ŉ voorsitter vir die Volksraad ter sprake was, word versterk deur die aantekening van Erasmus Smit op die volgende dag dat

> "in de namiddag en tegen de avond werden al de legers eenstemmig, om de heer Jacobus Boshoff (sic!) tot President van de Raad van 24 leden te verkiezen.[16] Dit is genoegzaam door al de reizigers ondertekend geworden en Z.Ed. die heden vertrokken was, achterna gezonden."[17]

Hierdie handelswyse moes vir die reeds sieke Maritz ŉ ernstige klap gewees het.[18] Blykbaar het hy op hierdie stadium ook nie meer as voorsitter van die Raad opgetree nie. Volgens Thom het hy egter nog die regterlike hoof gebly maar vanweë sy siekte was hy nie meer so aktief nie.[19] In die reeds aangehaalde brief van Boshof[20] meld hy egter dat die Volksraad in verband met die beswaar van die Uys-groep teen Maritz as magistraat, en hulle weiering om hom as sodanig te erken, toegegee het en ŉ sekere Badenhorst in Maritz se plek aangestel het. Hiervoor kan egter geen bevestiging verkry word nie.

Die Natalse Regulatiën en Instructiën was die uitbreiding tot ŉ geskrewe grondwet van die eenvoudige reëlings van Thaba Nchu en Vetrivier.[21] Al hierdie bestuursinstellinge, en veral dié in Natal, met die instellinge wat daaruit voortgevloei het, het sterk onder die invloed van die Bataafse stelsel gestaan.[22] Die hele regeringsvorm van die Natalse republiek het op hierdie Regulasies en Instruksies, saam met die aanvullende besluite van die Volksraad, berus.

---

16) Thom: a.w., bl.243, beweer dat op die vergadering van 11 Junie besluit is tot die skepping van ŉ volksraad van 24 lede. Die Raad het egter blykbaar al bestaan.

17) Dagboek van Erasmus Smit, 12 Junie 1838 (Preller: Voortrekkermense II, bl.212).

18) Vgl. Thom: t.a.p., bll.243-244.

19) Ibid., bl.244.

20) Kyk voetnoot 12 van hierdie hoofstuk.

21) A.J. du Plessis: a.w., bl.163; Walker: The Great Trek, bl.175; Preller: Voortrekkerwetgewing, bll. III-IV; Wichmann: a.w., bl.18.

22) Kyk Wypkema: a.w., hoofstukke 2 en 3.

Scholtz noem dit ŉ klein verbetering op die primitiewe regeringsvorm (naamlik dié van Vetrivier),[23] ŉ stelling wat nie sonder meer onderskryf kan word nie. Die hele inrigting van die regering was net soos dié wat daaraan voorafgegaan het, deur en deur republikeins.

Die Regulatiën en Instructiën voor den Raad van Representanten van het Volk[24] aan Port Natal en omliggende Land het voorsiening gemaak vir ŉ Volksraad, bestaande uit 24 lede tussen die ouderdomme van 25 en 60 jaar, met die moontlikheid om tot 72 lede uitgebrei te word namate meer mense hulle in die land kom vestig. Hierdie lede sou jaarliks in ŉ vrye verkiesing gekies word op ŉ algemene kiesreg-basis want blykbaar is daar nie tussen mans en vrouens onderskeid gemaak nie.[25] Van hierdie 24 lede sou 12 lede ŉ vergadering uitmaak en oor alle sake sou met meerderheid van stemme beslis word.[26] Behalwe ŉ aantal huishoudelike bepalings en die reëling dat die Raad geen permanente voorsitter sou hê nie, maar dat by elke vergadering vir die duur van die sitting ŉ voorsitter gekies sou word, is die bevoegdhede en funksies van die Raad duidelik omskrywe, naamlik: die opstel van regulasies en instruksies vir amptenare, wetgewing, sluiting en bekragtiging van vredestraktate, vasstelling van grense, aanstelling en ontslag van amptenare, uitgee of verkoop van gronde, aanlê van dorpe en stede, alle sake in verband met die Trekkergemeenskap, die hersiening van strawwe en boetes wat deur die ge-

---

23) Scholtz: a.w., bl.21.

24) Blykbaar die nuwe naam vir die Raad van Politie.

25) Kyk art. 2 van die Instruksies. Van der Walt praat van manlike burgers as stemgeregtigdes (Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge - Geskiedenis van S.A.II, bl.75).

26) A.J.du Plessis (a.w.,bl.164) verklaar hierdie artikel so dat 12 lede ŉ kworum sou uitmaak. Wichmann (a.w., bl.18) verklaar weer dat die bepaling later tot misverstand aanleiding gegee het. Die idee van ŉ kworum het volgens hom nie vir die Voortrekkers dieselfde betekenis gehad as wat ons vandag daaraan heg nie. Volgens hulle opvatting sou die artikel dan beteken dat twaalf lede ŉ voltallige Volksraadsvergadering sou uitmaak terwyl daar 24 lede gekies word om seker te wees dat ten minste 12 lede teenwoordig sou wees. In art.12 is daar egter geen woord van ŉ voltallige vergadering nie maar slegs dat 12 lede "eene Vergadering uitmaken." Die bewoording is baie duidelik dat met die bepaling niks anders as ŉ kworum bedoel word nie.

regshowe in alle kriminele sake opgelê is, toepassing van sekere strafmaatreëls onder sekere omstandighede teen lede van die Raad self, beskerming van die Hollandsche Gereformeerde Kerk. Ten slotte is ook 'n ampseed geformuleer wat deur die lede van die Raad afgelê moes word.

In hierdie Instruksies word egter in drie artikels melding gemaak van 'n President van Politie, naamlik in artikel 5, wat bepaal dat tussenverkiesings alleen kon plaasvind as die President van Politie of die Volksraad daartoe las gee; artikel 10, waarin aan die President van Politie die bevoegdheid verleen word om die Raad tot spesiale vergaderinge op te roep, en artikel 11, waarin aan die President van Politie die reg verleen word om die vergaderinge van die Volksraad by te woon en die Raad met regterlyke advies te bedien "als anderzints te assisteeren."

Scholtz spreek van hierdie amp as dié van die hoof van die Uitvoerende mag, waarvoor voorsiening gemaak is, maar dat die pos gedurende die kortstondige bestaan van die Republiek nooit deur iemand beklee is nie.[27] Hierdie siening van Scholtz kom baie korrek voor behalwe dat daar in die bestuursreëling in Natal nie vir so 'n amp voorsiening gemaak is nie, want dié amp het sedert die Vetrivierse bestuursreëling bestaan.[28] Dit was die amp wat deur Retief beklee was. Die opstellers van die Regulasies en Instruksies het blykbaar onder die indruk verkeer dat hierdie amp weer opgevul en 'n nuwe staatshoof gekies sou word. Derhalwe het hulle in die Instruksies telkens na die amp verwys sonder enige verdere omskrywing daarvan. Na die dood van Retief is die amp egter nie weer opgevul nie en is die Trekkers in Natal sonder 'n staatshoof gelaat.

---

27) Scholtz: a.w.,bl.21. Vgl. ook Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge (Geskiedenis van S.A.II, bl.77).

28) Du Plessis se bewering dat in Natal nie weer vir 'n hoof-uitvoerende amptenaar, soos by Vetrivier, voorsiening gemaak is nie (Die Republiek Natalia, bl.164), kan dus nie onderskryf word nie. Gey van Pittius (a.w.,bl.26) sê weer dat na afloop van die moord op Retief die pos nie weer ingestel is nie, asof die pos saam met Retief vermoor is. Wat hy blykbaar bedoel, is dat die pos nie weer opgevul is nie.

Die gevolg was dat die Volksraad by afwesigheid van 'n hoof-uitvoerende amptenaar die uitvoerende mag in eie hande moes neem,[29] hoewel in die Regulasies en Instruksies geen melding van uitvoerende bevoegdhede gemaak is nie. A.J. du Plessis het die saak blykbaar nie goed deurgesien nie, anders sou hy nie ná 'n opsomming van die bevoegdhede van die Raad verklaar het dat dit bewys lewer van die aanwesigheid van uitvoerende, wetgewende en regterlike gesag in die Raad nie.[30]

Die redes wat Du Plessis aanvoer vir sy stelling dat daar nie weer vir 'n hoof-uitvoerende amptenaar voorsiening gemaak is nie,[31] is dat daar na die dood van Retief waarskynlik nie iemand was in wie die Trekkers so 'n algemene vertroue gehad het nie,[32] en dat dit aan die ander kant ook blyk

> "dat die idee van 'n staatshoof wat vir sy dade aan die Wetgewende mag verantwoordelik sou wees nog nie by die Emigrante-boere posgevat het nie."[33]

Die eerste rede kan ons aanvaar as een van die moontlike redes waarom daar nie weer 'n staatshoof gekies is nie, maar dan moet dit gesien word saam met die tweede rede hierbo genoem, en ook in die lig van die meergenoemde brief van Gert Maritz van 1 Februarie 1838.[34] ~~Hierdie brief toon dat Maritz persoonlik~~ 'n baie groot afkeer daarvan gehad het dat een bepaalde persoon as staatshoof moes optree, al was dit in oorleg met die volksverteenwoordiging, en dit is te be-

---

29) Vgl. Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge (Geskiedenis van S.A.II, bl.77).

30) A.J.du Plessis: a.w., bl.164. Net so min as wat die Volksraad deur die Regulasies en Instruksies met uitvoerende bevoegdhede belas was, was dit belas met regterlike gesag. Trouens, die skeiding van die wetgewende en regterlike magte was een van die belangrike kenmerke van die Natalse bestuursinrigting. (Vgl. Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge - Geskiedenis van S.A.II, bl.76). In Natal sou 'n pragtige skeiding van die drie regeringsmagte voltooi gewees het as dit nie was dat die Volksraad dit belemmer het deur die uitvoerende mag ook in hulle hande te neem nie. By Vetrivier is die uitvoerende mag van die wetgewende en regterlike gesag, wat gesamentlik aan een liggaam toevertrou is, geskei, en in Natal is weer die wetgewende en regterlike magte apart geplaas. Kyk ook voetnoot 38 van hierdie hoofstuk.

31) Kyk hierbo, voetnoot 28.

32) Vgl. ook Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, jrg.1,no.5,bl.7)

33) A.J.du Plessis: a.w., bl.164.

34) Kyk hoofstuk I, bll. 46 en 50-51 van hierdie werk.

grype dat 'n hele aantal Trekkers - sy persoonlike volgelinge, wat geen onaansienlike groep was nie, - hierdie opinie met hom sou gedeel het, terwyl dit baie waarskynlik is dat ander, veral nuwe inkomelinge, deur hom beinvloed is. Aan die ander kant is dit ook bekend dat Maritz nie so 'n vertroueling van almal soos Retief was nie, en hy was blykbaar die enigste persoon in Natal wat so 'n pos kon beklee. Dit wil voorkom asof die Maritz-beskouing die beskouing van die meerderheid van die Trekkers geword het, en dat om dié rede die pos van Retief as staatshoof nie weer opgevul is nie.[35)]

Nog 'n baie waarskynlike rede wat vir die nie-opvulling van Retief se pos verantwoordelik kon gewees het, is die feit dat die aard van die Trekker-organisasie en - samelewing in Natal 'n groot verandering ondergaan het. Dit was 'n trekkende volk wat Natal binnegekom het maar binne enkele maande is hulle tot 'n vegtende volk omgevorm; 'n volk wat moes veg om nie geheel en al uitgewis te word nie. Vanselfsprekend sou so 'n volk veel meer 'n militêre leier as 'n burgerlike staatshoof nodig gehad het.

Dat die opstellers van die Regulasies en Instruksies nie vir die weglating van die pôs van 'n uitvoerende hoof verantwoordelik was nie omdat hulle veronderstel het dat die pos nog bestaan, blyk baie duidelik uit die optrede van Jacobus Boshof nadat hy, ná sy ontslag uit die Kaapse regeringsdiens, na Natal teruggekeer het om hom daar te gaan vestig. Hierdie optrede spruit voort uit 'n hofsaak op 17 Februarie 1839. In die loop van die verhoor het Boshof o.a. verklaar dat die Regulasies en Instruksies nie onveranderbaar was nie en dat dit met betrekking tot die magte van die Volksraad verander kon word. Hy het veral gepleit vir 'n behoorlike skeiding van die drie regeringsmagte, en in verband met die uitvoerende mag verklaar dat

> "een persoon moest aangesteld worden als een hoofbestierder over het gansche land."

Boshof het dus gepleit vir 'n staatshoof, en wel vir een wat vir sy dade aan die volksverteenwoordiging verant-

---

35) Vgl. ook Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boerebestuursinstellinge (Geskiedenis van S.A.II, bl.77).

woordelik moes wees. Hierdie pleidooi is egter deur sy aanklaers so geïnterpreteer dat Boshof se bedoeling was die algehele afskaffing van die Volksraad en die vervanging daarvan deur 'n goewerneur of president, wat dan despoties sou optree. So 'n stelsel sou hulle nooit in Natal toelaat nie omdat een van die belangrikste redes waarom die Trekkers die Kaapkolonie verlaat het, juis was omdat hulle daar geen verteenwoordigende wetgewende liggaam toegelaat is nie.[36] Hierdie redenasie van die aanklaers was die resultaat van óf onbekendheid met die idee van skeiding van regeringsmagte, óf bevooroordeeldheid teen die amp van staatshoof. In hierdie redenasie kan ook nog die gees van die Maritz-brief van meer as 'n jaar gelede herken word.

Na aanleiding van hierdie voorval het Henry Cloete, wat ná die anneksasie in 1843 Britse kommissaris in Natal geword het, verklaar dat Boshof se

> "sensible and practical views were overruled or made to succumb to the stern republican feeling of the majority of the inhabitants, who appeared to have been so inflated with their ideas as to their power of governing the country collectively that they almost unanimously resisted every proportion of becoming subject to any permanent chief or head."[37]

Die geskrewe Natalse grondwet was beslis 'n vooruitgang op die vroeëre Trekker-reëlings, maar wat 'n staatshoof betref, het definitief, in vergelyking met die Vetrivierse bestuursreëling, 'n groot agteruitgang plaasgevind. Die onvermoë van die Volksraad om die hoogs noodsaaklike uitvoerende funksie te behartig, sou spoedig blyk en 'n nie-amptelike staatshoof, in die persoon van kommandant-generaal A.W.J.Pretorius, sou op die toneel verskyn, 'n toedrag van sake waaruit herhaalde botsings ontwikkel het.

5. Volksraad voldoen nie aan behoefte van 'n uitvoerende gesag nie.

Onder voorsitterskap van Johannes Stephanus

---

36) A.J.du Plessis: a.w., bll.164-165.

37) Henry Cloete: The History of the Great Boer Trek and the Origin of the South African Republic, London, 1899, bl.129.

Maritz[38] het die Raad van Representanten van het Volk, of Volksraad, soos dit gewoonlik genoem word, met hulle werksaamhede begin. Dit het egter spoedig geblyk dat die Volksraad onder die aangenome Instruksies, wat vir die Volksraad 'n wet van Mede en Perse was, glad nie vir sy selfopgelegde taak van uitvoering opgewasse was nie, veral omdat hulle geen permanente regering gevorm het nie. Tussen die sittinge van die Volksraad is die dringendste sake behartig deur die drie lede wat die naaste aan die hoofstad, Pietermaritzburg, gewoon het, en wat as sodanig opgetree het as 'n kommissie van die Volksraad, maar alle maatreëls wat deur hulle getref is, was slegs voorlopig en onderhewig aan die bekragtiging van die volle Volksraad.[39] In die afwesigheid van 'n uitvoerende gesag was so 'n stelsel dringend noodsaaklik want dit is juis een van die belangrikste take van regering om sake voorlopig af te handel onder nadere bekragtiging van die hoogste wetgewende liggaam, wanneer laasgenoemde liggaam nie in sitting is nie. Hierdie kommissie van die Volksraad kon ook nie as dringende sake die aandag van die Raad vereis het, die liggaam tot 'n buitengewone sitting byeenroep nie, want volgens artikel 10 van die Regulasies en Instruksies kon dit alleen op gesag van vyf lede van die Volksraad geskied, of deur die President van Politie, wat nie bestaan het nie. Gevolglik sou die drie lede eers die toestemming van nog twee ander lede moes verkry. Vanweë die gebrek aan vinnige en doeltreffende kommunikasiemiddele kon dus uiters waardevolle tyd verlore gaan wanneer belangrike besluite geneem moes word. Hierdie leemte is blykbaar later deur die Volksraad be-

---

38) J.S.Maritz was die broer van Gert Maritz, wat laasgenoemde in hierdie hoedanigheid opgevolg het. Hy was 'n beminde figuur wat veel agting van die Trekkers geniet het en 'n persoon wat voor die Groot Trek al 'n rol gespeel het in die voorbereiding van die Trek. Die regterlike funksies wat Maritz uitgeoefen het, is oorgedra aan sy neef, J.B.Rudolph, wat nog voor Maritz se dood hom in die opsig behulpsaam was. Rudolph het ook opgetree as Weesheer, kragtens 'n aanstelling wat hy van die Volksraad ontvang het. (Kyk Thom: a.w., bl.264). Ook hieruit blyk die skeiding van regterlike en wetgewende gesag duidelik (kyk hierbo, bl.63, voetnoot 30).

39) Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, jrg.1, no.5, bl.7).

sef want vanaf 1842 sou die Kommissieraad[40] uit minstens enige vyf lede van die Volksraad kon bestaan. As sodanig was die Kommissieraad beslis 'n poging om die leemte aan 'n uitvoerende gesag aan te vul.

Normaalweg sou mens dink dat die voorsitter van die Volksraad die staatshoofskap sou verteenwoordig en die funksies daaraan verbonde sou vervul, soos Gert Maritz dit onder die bestuursreëling van Thaba Nchu en weer na Retief se dood gedoen het. Ten gevolge van die nuwe koers wat die Voortrekkers in Natal ingeslaan het, kon die voorsitter van die Volksraad egter nie as sodanig optree nie. Waar Gert Maritz blykbaar as permanente voorsitter van die Thaba Nchuse Burgerraad gekies was, is in artikel 6 van die Natalse Regulasies en Instruksies alleen vir 'n tydelike voorsitter voorsiening gemaak. Die artikel het duidelik bepaal dat die Raad by elke vergadering 'n voorsitter sou kies om die dagorde van die vergadering te reël. Van 'n optrede van die voorsitter tussen die vergaderinge was daar geen sprake nie. Die opstellers van die Regulasies en Instruksies het nie die nodigheid ingesien om vir so 'n optrede voorsiening te maak nie omdat hulle onder die indruk verkeer het dat daar 'n uitvoerende hoof sou wees. Dan het dit, siende hulle afkeer van die saamtrekking van mag in die hande van een persoon, seker ook nie in die bedoeling van die meerderheid van die Trekkers gelê om aan die voorsitter sodanige magte toe te ken nie. Gevolglik het die voorsitter alleen opgetree solank die Raad in sitting was en het sy pos tussen sittinge nie bestaan nie.[41] Nog 'n rede waarom die voorsitter van die Volksraad tussen sittinge nie kon optree nie, was omdat by elke sitting nie noodwendig dieselfde persoon as voorsitter herkies sou word nie.[42]

---

40) Van Pittius: a.w., bl.26. Hierdie kommissie van die Volksraad dra vanaf 1842 die naam van Kommissieraad.

41) Ons kan dus nie die stelling van Van Pittius (a.w., bl. 26) onderskryf nie, nl. dat die gekose voorsitter sy pos behou het tot die volgende Volksraadsitting, wanneer 'n nuwe voorsitter gekies of die vorige een herkies is. Indien dit die geval was, sou die voorsitter waarskynlik altyd een van die lede van die kommissieraad moes wees, hoewel nie noodwendig nie.

42) In die praktyk het dit daarop neergekom dat dieselfde persoon dikwels herkies is, maar by die deurblaai van die Notule van die Natalse Volksraad blyk dit ook dat dit nie die algemene reël was nie.

6. Andries Pretorius word militêre hoof.

Op 22 November 1838 het A.W.J.Pretorius in die hooflaer in Natal aangekom. Mens sou verwag dat hierdie gesiene, bekwame en invloedryke man, wat deur geen bepaalde partyskap aangehang is nie, onmiddellik deur die Trekkers in die plek van Retief gestel sou word as burgerlike staatshoof. Dit het egter nie gebeur nie en dit toon verder dat die vernaamste rede vir die nie-opvulling van Retief se pos nie in die feit gesoek moet word dat hulle nie 'n geskikte persoon vir die amp kon vind nie.43)

Andries Pretorius is deur die Volksraad as hoofkommandant benoem van die strafkommando wat teen Dingaan sou uittrek, nadat tussen die ander kommandante geloot is en die lot op hom geval het. Hy is deur die Volksraad van die nodige instruksies voorsien. Pretorius is ook nie as permanente militêre hoof, soos Retief was, aangestel nie, maar slegs vir die duur van die kommando teen Dingaan.44) Blykbaar was die Natalse Volksraad nie bereid om aan hom meer mag te gee as slegs dié wat aan 'n tydelike opperbevel verbonde was nie aangesien hulle bevrees was vir die konsentrasie van te veel mag in die hande van een persoon.

Die regeringstelsel, soos dit in Natal bestaan het, was nie vry van gevare nie. Een van die grootste gevare was dié wat verbonde was aan die verskyning van

---

43) Wichmann: a.w., bll.18-19, noem dit "opmerklik" dat Pretorius nie as sodanig gekies is nie.

44) Joernaal van Bantjes (Preller: Voortrekkermense VI, bl.39). Dat daar eers tussen die kommandante geloot is en Pretorius sy aanstelling as tydelike hoofkommandat ontvang het kragtens die lot wat op hom geval het, lyk 'n bietjie vreemd. Die algemeen aanvaarde opvatting, soos ook uiteengesit deur Preller (Andries Pretorius, bll.25-26), is dat Pretorius alreeds, na aanleiding van die smeekbede om hulp wat vanuit Natal na hom gekom het, dit as vanselfsprekend aanvaar het dat hy die opperbevelhebber van die kommando sou wees. Hy sou dan ook, vóór hy nog in Natal aangekom het, as opperbevelhebber opgetree en instruksies vir die nodige voorbereidings vooruit gestuur het, soos dat veghekke gemaak moes word, dat die mense hulle moes inrig om 'n kommando te onderneem, hulle perde laat rus en die hooflaer met 'n sooimuur moes versterk. Ook sou hy sekere instruksies aan hoofkommandant Landman gestuur het. Toe Pretorius in Sooilaer aangekom het, "had (hy) derhalwe reeds opgetree as opperbevelhebber, en was hy na ieder se beskouing ook die aangewese man daartoe." Die feit dat die lot gewerp is om die hoofkommandant aan te wys, verklaar Preller dan as volg: Pretorius het sy mense te goed geken om die bevel sommer op

'n volksheld op die toneel, waardeur die hele regeringstelsel lamgelê kon word deurdat so 'n held 'n breuk tussen die volk en Volksraad kon laat ontstaan.[45] Van die bestaan van so 'n gevaar was die Volksraad blykbaar terdeë bewus.

So 'n volksheld het gekom in die persoon van Andries Pretorius. Onder sy bekwame leiding het die Strafkommando die skitterende Slag van Bloedrivier gelewer en hierdie slag, tesame met die veldtog wat daarop gevolg het, is beslis een van die grootste militêre prestasies in die krygsgeskiedenis van Suid-Afrika.

---

hom te neem, met die gevolg dat dit op 'n heel formele wyse moes geskied. (Vgl. ook Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.11).
Vir bogenoemde bewerings maak Preller gebruik van aantekeninge van Erasmus Smit op 12 September 1838 en 18 Oktober 1838 (Dagboek van Erasmus Smit - Preller: Voortrekkermense II, bll.238 en 246 onderskeidelik). Op 12 September het Smit aangeteken dat op dié datum Francois Jacobus Hattingh, wat op 10 Augustus na die grens van die Kaapkolonie vertrek het, in die laer teruggekeer het "met goede berichten van de nog achterzynde reizigers," d.i. Pretorius en andere. Hattingh het ook met hom meegebring "koeranten en vele brieven ....; onder andere van de WelEd. heer Jacobus Boshoff (sic!), Pretorius en anderen." Wat in hierdie briewe gestaan het, weet ons nie. Smit verhaal daar niks van nie. Die aantekening op 18 Oktober meld dat die Trekkers op dié dag druk besig was om veghekke vir die op hande synde oorlog te maak. Op 27 en 28 September is hard gewerk aan die sooimuur rondom die laer (Dagboek van Smit - Voortrekkermense II, bll.242-243).
Uit hierdie skrale gegewens het Preller blykbaar afgelei dat dit Pretorius was wat vooruit tot al die reëlings las gegee het. As Pretorius so 'n versigtige man was en "sy mense te goed geken het" om sommer na sy aankoms die opperbevel op hom te neem, is dit bietjie ondenkbaar dat hy, nog vóór sy aankoms by hulle, op eie houtjie die opperbevel op hom sou geneem het en instruksies vooruit, o.a. aan die Natalse hoofkommandant, Landman, sou stuur. Hoe dit ook al mag wees, die feit is dat Pretorius nie sommer meteens in die hoë militêre pos aangestel is, soos dikwels beweer word nie. (Vgl. o.a. die Herinneringe van J.H.Hattingh in Preller: Voortrekkermense I, bl.178). Pretorius word in hierdie hoedanigheid deur baie skrywers as kommandant-generaal aangedui. Die rang wat hy hier beklee het, het egter nog nie die benaming gedra nie. (Kyk Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.11-13).

45) Vgl. ook A.J.du Plessis: a.w., bl.165.

Pretorius het van die veldtog af teruggekeer as die held van Bloedrivier, 'n man wat hom op die hele veldtog geopenbaar het,

"nie alleen as strateeg en vegsman nie, maar ook as skitterende organiseerder en mensekenner."46)

Na sy segetog het die prestige wat hy bekom het, hom die aangewese persoon gemaak om die leierskap te aanvaar en

"alleen konstitusionele afweermetodes kon hom dit ontneem." 47)

Ook buite die grense van Natal het die naam van Pretorius beroemd geword en op almal se lippe geleef.48)

7. Nie-amptelike optrede van Pretorius as staatshoof. Sy botsing met die Volksraad.

Dit is vanselfsprekend dat Pretorius, as die man na wie almal opgesien en in wie almal groot vertroue gehad het, by gebrek aan 'n uitvoerende gesag of staatshoof, sou probeer het om in dié behoefte te voorsien, al moes dit nie-amptelik geskied. Dit was tog hoogs noodsaaklik dat iemand namens die volk moes optree en die praktiese eise van die dag het 'n staatshoof dringend noodsaaklik gemaak. Onmiddellik na sy terugkoms van die veldtog teen Dingaan was Pretorius verplig om 'n brief te skryf, gerig aan sy

"Waarde Broeders en Landgenooten,"

waarin hy op hulle 'n beroep doen om hulp ten einde in die lewensbehoeftes van die Trekkers

"die aan den ander sy van het berg is,"

te voorsien.49) Op 20 Maart 1839 rig hy hom namens die Trekkers in 'n brief tot die Bevelvoerende Offisier te Port Natal:50)

"Daar ik nu by myn aankomst weder by de Emigranten tot groot ongenoegen heb moeten ontwaaren dat ons gekogte kruid en lood als zynde dus ons wettig eygendom, op eene onwettige wyze, en ik zeg niet

---

46) A.J.H.van der Walt: Die Groot Trek tot 1838 (Geskiedenis van Suid-Afrika I, bl.302).

47) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 (Historiese Studies, Desember 1944, bl.221).

48) Vgl. Walker: The Great Trek, bll.192-193.

49) R.23/39.(Voortrekker-argiefstukke, bl.48).

50) R.27/39.(Ibid.,bll.59-60).

te veel op eene onmenschelyke wyze in beslag is genoomen op ons eygen grond ....".

Verder wys hy die Offisier daarop dat die Trekkers 'n vrye volk is, wat niks meer met die Britse Regering te doen het nie. In albei hierdie briewe tree hy namens die Trekkergemeenskap op presies soos 'n staatshoof dit sou doen.[51)]

Aan die ander kant is hy ook deur die buitewêreld as sodanig beskou. Uit briewe wat hy van buite die grense van Natal ontvang het, blyk dit maar al te duidelik.[52)] In 'n brief wat hy van sy tante vanuit Kaapstad ontvang het, is hy selfs geadresseer as Fungerende Gouverneur.[53)]

In Februarie 1839, terwyl Pretorius nie meer die titel van hoofkommandant gehad het nie omdat die veldtog afgeloop was, maar tog nog sy briewe in daardie hoedanigheid onderteken het, het hy hom ten volle op die terrein van 'n staatshoof gewaag toe hy, aangetrokke deur die lot van sy Emigrante-broers buite die grense van Natal, 'n besoek aan Potgieter gebring het met die doel om die hele Trekkergemeenskap in die Suid-Afrikaanse binneland met mekaar te verenig. Vanaf Sandrivier het hy 'n brief aan De Zuid-Afrikaan[54)] geskrywe dat hy met groot moeite 'n besoek aan die

"party van den ligsinnige H.Potgieter"

gebring het,

"en heef hem weder versoend en bevreedig met den geheele maatschappy ...." 55)

Hy meld verder dat hy en Potgieter ook ooreengekom het om mekaar wedersyds alle moontlike hulp te verleen. Van 'n definitiewe vereniging was hier nog geen sprake nie. Blykbaar het Pretorius hierdie reis op eie inisiatief onderneem, met medewete van die Volksraad, omdat hy die

---

51) Vgl. ook R.58/40: A.W.J.Pretorius H.C. aan "den Cappityn van den Matatees," d.d. 15 M. 40 (ibid., bl. 105).

52) R.25/39: J.H.Wicht aan Pretorius, d.d. 11 Maart 1839; R.35/39: A.Carstens aan Pretorius, d.d. 29 Mei 1839; R.38/39: Von Ludwig aan Pretorius, d.d.10 Junie 1839; R.42/39: ibid., d.d. 4 Julie 1839. (Voortrekker-argiefstukke, bll.55-57; 70-72; 79-82; 89-90 onderskeidelik).

53) R.41/39: F.Preller aan Pretorius, d.d. 4 Julie 1839 (ibid., bll.88-89).

54) Vgl. Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 (Historiese Studies, Desember 1944, bl.222) en Wichmann: a.w., bl.20, voetnoot 3.

55) R.24/39: d.d. 24 Feb.1839 (Voortrekker-argiefstukke, bl.50).

saak van die Trekkers graag wou dien. Hoewel hy nog geen vereniging kon bewerkstellig nie, het hy tog belangrike aanvoorwerk gedoen vir die vereniging wat in die volgende jaar sou plaasvind.

Waar die Volksraad in Desember 1838 daarvan afkerig was om Pretorius permanent tot militêre hoof te benoem, het hulle in Mei 1839 tot ander insigte gekom. Die mag van Dingaan was gebreek maar nog nie verbreek nie en blykbaar het die Volksraad besef dat ŉ permanente militêre hoof in die onsekere tydsomstandighede noodsaaklik was. Op 22 Mei 1839 het J.J.Burger, klerk, in opdrag van die Raad ŉ aanstellingsbrief vir Pretorius onderteken,[56] waarin verklaar word dat die Raad dit in oorweging geneem het dat die aanstelling van hoofkommandant Pretorius slegs vir die duur van die afgelope oorlog teen Dingaan geldig was, en dat die Raad dit nou goedgevind het om Pretorius te benoem tot hoofkommandant

> "over het algemeen aan dese en gene syde der Draakbirg, onder dese maatschappy behoorende, voor het vervolg van tyd." 57)

Deur hierdie aanstelling het Pretorius definitief verhoogde status ontvang.

Pretorius se mag en invloed het so toegeneem dat die Volksraad dit later, óf self moes erken deur aan hom bevoegdhede wat by ŉ staatshoof tuishoort toe te ken, óf dit moes doen om die volk tevrede te stel. Op 4 Oktober 1839 word byvoorbeeld deur die Volksraad genotuleer:

> "Verder is vast gesteld, dat het de wensch van al de leeden is, dat in vervolg van tyd alle vergaderingen door den Volksraad gehouden door den Hoofd Commandant zal bygewoond worden. Ook hebben wy Zyn Ed. er te vooren verlof toe gegeven, dat zal ook het algemeen bekend gemaakt worden." 58)

In die bekendmaking wat gevolg het, word die posisie

---

56) R.33/39. (Ibid.,bl.68).

57) Volgens hierdie aanstellingsbrief was dit die bedoeling van die Natalse Volksraad dat al die Trekkers wat die Kaapkolonie verlaat het, onder hulle jurisdiksie val. Die indruk blyk ook uit ŉ besluit van die Volksraad op 28 Junie 1839 om aan Hendrik Potgieter skriftelik sy ontslag as "Hoofd Commandant van deze Maatschappy" te verleen. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.5).

58) Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.15.

van die hoofkommandant as toegelatene en uitgenooide tot bywoning van die Volksraadsvergaderinge nog duideliker gestel, naamlik dat hy nie as 'n lid van die Volksraad sitting sou neem nie; ook nie dat hy oor besluite sou stem nie,

> "maar van alles kennis te draagen en gevraagd wordende te assisteeren met zyn gevoelens ...."[59]

Die posisie wat Pretorius voortaan sou inneem as adviseur van die Volksraad - eintlik die posisie wat in die Regulasies en Instruksies vir die <u>President van Politie</u> gereserveer is - maar sonder stem, is tot 'n groot mate dieselfde as dié van die staatspresident in die latere Republieke. Die versoek aan Pretorius en die eenstemmige besluit om hom tot die sittinge van die Volksraad toe te laat, was 'n erkenning van die kant van die Volksraad dat hulle sy hulp in die regering van die land nodig gehad het.

Watter rol Pretorius in die Volksraad gespeel het, kan ongelukkig nie uit die Notule vasgestel word nie. 'n Mens se vermoede dat hy 'n baie belangrike invloed op die besluite, wat deur die Raad geneem is, uitgeoefen het, word gewek deur 'n memorie wat in November 1839 by die Volksraad ingedien is, waarin gewens word

> "dat de Raad zal zyn de hoogste Regeerders van onze Maatschappy." [60]

Dit kan ook wees dat hierdie memorie in verband met Pretorius se optrede buite die Raad gesien moet word. Die Volksraad het die saak egter nie so ingesien nie en die onveranderbaarheid van die bestaande Instruksies beklemtoon, met die voorbehoud dat die artikels daarvan wel verbeter en vermeerder kon word, mits dit ooreenkomstig die reeds vasgestelde inhoud van die Instruksies sou geskied.[61]

---

59) R.46/39: d.d. 4 Oktober 1839. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.94-95. Die volgende bewering van Wichmann (a.w., bl.26) strook nie met die hierbo genoemde gegewens nie, hoewel hy dieselfde dokument as bewys aanvoer: "Dit sou hom (d.i. Pretorius) vergun word om die vergaderinge by te woon alleen met dien verstande dat hy as kommandant-generaal kennis moes neem wat in die Raad aangegaan het."

60) Notule van die Natalse Volksraad, art.6, 9 Nov.1839. (Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bll.21-22). Ook A.J. du Plessis (a.w., bl.165) meen dat die memorie in verband met Pretorius se optrede gestaan het.

61) Notule van die Natalse Volksraad, art.8, 3 Jan.1840. (Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bl.28).

'n Ander saak wat die vermoede wek dat Pretorius besig was om sy stempel deeglik op die werksaamhede van die Raad af te druk, is die poging wat J.S.Maritz, voorsitter van die Raad, in die begin van 1840 aangewend het om Pretorius van sy amp te onthef. A.J. du Plessis noem dit 'n persoonlike vete tussen Maritz en Pretorius, maar gee geen verdere besonderhede nie.[62] Maritz was voorsitter van die vergadering toe die Volksraad met algemene stemme besluit het om Pretorius uit te nooi om in die Raad sitting te neem en het ook die bekendmaking van hierdie besluit aan die publiek medeonderteken. Toe Pretorius las van die Volksraad ontvang het om op 15 Januarie 1840 met 'n kommando teen die Zoeloes op te trek omdat laasgenoemde nie voldoen het aan die belofte wat hulle in Mei 1839 aan Pretorius gedoen het om skadevergoeding aan die Trekkers te betaal nie,[63] het Stephanus Maritz in die Volksraad gevra of 'n lid van die Raad ook ander poste kon beklee, waarop die Raad geantwoord het dat dit nie kon gebeur nie. Dat hierdie vraag van Maritz op Pretorius gemik was, het maar al te duidelik uit sy volgende vraag geblyk, naamlik:

> "Of den Hoof Commandant in zyn betrekking zal blyven ter wyl hy is in getrokken als lid van den Raad."

Daarop het die Raad geantwoord dat dit die opinie van al die lede was

> "dat de voorhanden zynde Commo. door hem zal bestierd worden, en na afloop van de Commando zal hy na zyn verantwoording gedaan te hebben, ingezworen worden als een lid van den Raad." 64)

Maritz se plan was klaarblyklik om Pretorius sy permanente leierskap te ontneem en toe hy dit op hierdie stadium nie kon regkry nie, is Pretorius, blykbaar onder leiding van Maritz, belaai met uitvoerige instruksies vir die veldtog wat voor die deur gestaan het, waardeur die inisiatief van die Hoofkommandant

---

62) A.J. du Plessis: a.w., bl.165.

63) Kyk J.Stuart: <u>De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika</u>, Amsterdam, 1854, bl.112; Preller: <u>Andries Pretorius</u>, bl.106; Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860</u> (<u>Historiese Studies</u>, Desember 1944, bl.223).

64) Notule van die Natalse Volksraad, artt. 1 en 2, 4 Jan.1840.(Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bl.31). Pretorius is blykbaar intussen tot lid van die Volksraad gekies.

nie alleen geheel en al aan bande gelê is nie, maar wat ook gewemel het van allerhande kleinlike bepalings, wat vir die beproefde ou krygsman beslis ergerlik moes gewees het.[65)]

Tereg noem Van der Walt die optrede van Maritz en sy aanhangers 'n skerp stryd wat hulle aangebind het

> "teen wat hulle beskou het as die magsusurpasie van die kommandant-generaal." 66)

Ten spyte van die instruksies wat deur die Volksraad uitgereik is, naamlik dat hy slegs 'n baken moes plant op die plek waar hy die Zoeloes verslaan het, het Pretorius na afloop van die veldtog weer in die skoene van 'n staatshoof getree deur die uitvaardiging van 'n proklamasie namens die Volksraad, en derhalwe namens die volk, waardeur hy beslag gelê het op die grondgebied wat deur Dingaan ontruim is.[67)]

Pretorius het na afloop van die kommando na Pietermaritzburg teruggekeer sodat hy kragtens die besluite van 4 Januarie as lid van die Volksraad ingesweer en gevolglik van sy hoofkommandantskap onthef kon word. In die vergadering wat op 4 Maart 1840 plaasgevind het, is daar egter 'n brief van Pretorius voorgedra waarin hy versoek dat sy inswering tot die volgende sitting van die Raad uitgestel moes word. Hierdie versoek is toegestaan.[68)] Wat het agter hierdie versoek van Pretorius geskuil? Sou dit iets te doen gehad het met die memorie wat deur 127 burgers onderteken is, waarin gevra word

> "om den Hoofd Commt. A.W.J.Pretorius tegelyk als lid van den Raad en als Hoofd Commandant te laaten dienen, daar ze een besluit van den Raad hebben gezien geen lid van den Raad een andere post bekleeden zal en hem beschouwd als een der voornaam-

---

65) Kyk Preller: Andries Pretorius, bll.106-109; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.58-59.

66) Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge . (Geskiedenis van S.A. II, bl.77).

67) Hierdie proklamasie is gepubliseer in Preller: Voortrekkermense VI, bll.166-168; Bird: Annals of Natal I, bl.389.

68) Notule van die Natalse Volksraad, art.4, 4 Maart 1840. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.35).

ste persoon als een Hoofd Ct. te zyn?"

Daarop het die Raad met meerderheid van stemme besluit dat die twee poste nie tegelyk beklee mag word nie.[69] Verder is besluit dat die pos van hoofkommandant voortaan nie meer sou bestaan nie, maar dat daar elke keer as die dienste van so 'n amptenaar vereis word, een gekies sou word.[70] Daarmee het Maritz en sy ondersteuners die eerste rondte gewen, hoewel dit nie bygedra het om Pretorius se invloed te verminder nie.

Pretorius se reaksie op hierdie besluit van die Raad was om sy aanstellingsbrief aan hulle terug te stuur aangesien hy van hulle verstaan het dat daar geen hoofkommandant meer sou wees nie, en dit nieteenstaande sy aanstellingsakte, wat deur 'n onpartydige Raad goedgekeur en opgestel is.[71] Uit 'n brief wat die akte vergesel het, blyk Pretorius se verontwaardiging en gekrenktheid baie duidelik, en wou hy graag van die Raad verneem welke redes tot die afskaffing van sy amp aanleiding gegee het. In Mei het hy weer 'n vergeefse poging aangewend om in sy amp herstel te word.[72]

Vanweë hewige druk wat o.a. ook van buite die grense van Natal op hulle uitgeoefen is, het die Volksraad die fort probeer hou deur telkens veranderinge in die kiesreg aan te bring.[73] Daarmee het hulle egter niks uitgevoer nie want in Junie het die Pretoriusgesindes die tweede rondte gewen toe die Volksraad besluit het

> "dat ieder amptenaar met uitzondering van den Havenmeester, verkiesbaar zal zyn doch het zal aan zodanige amptenaar staan beide posten waar te neemen dan wel zo hy verkiest van een te resigneeren." 74)

Voortaan kon Pretorius weer albei poste beklee. Dit was egter nie die einde van die stryd tussen die Volksraad en Pretorius, wat intussen die rang van kommandant-generaal gekry het, nie. Telkens het die Kommandant-

---

69) Ibid., art.6, 4 Maart 1840. (Ibid., bl.40); Ook Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.60.

70) Ibid., art.7, 4 Maart 1840. (Ibid.)

71) Soutter-versameling, Pakkie 4, no.9. (Afskrif van hierdie brief).

72) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860. (Historiese Studies, Des.1944, bl.225).

73) A.J.du Plessis: a.w., bll.166-167.

74) Notule van die Natalse Volksraad, 3 Junie 1840. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.49). Toe hierdie

generaal bedank of sy ontslag aangevra, en as moeilikhede die Trekkergemeenskap weer in die gesig gestaar het, is maar weer by Pretorius om hulp aangeklop en is hy versoek om weer as kommandant-generaal op te tree.[75)]

Die bepaling dat die amp van die kommandant-generaal afgeskaf is, is waarskynlik op een of ander stadium weer herroep, want op 19 Junie 1841 is besluit dat aan die kommandant-generaal 'n salaris van Rds.1000 betaal sou word.[76)] Op 21 Februarie 1842 is Andries Pretorius, wat intussen bedank het, weer deur die Volksraad as kommandant-generaal benoem, maar slegs

> "voor zo lange de dreigende gevaar van het Engelsch Gouvernement ons bedreigd; na dien tyd zal by elke gelegenheid van noodzakelykheid wanneer nodig bevonden word een Commando op te roepen, een Commt. Gel. aangesteld of gekozen worden," 77)

teen 'n salaris, gereken teen Rds.1000 per jaar, maar hy moes daarmee tevrede wees om die salaris te ontvang as die skatkis dit sou toelaat nadat alle ander rekeninge uitbetaal is.[78)]

Ten spyte van die feit dat die Volksraad voortdurend besig was om deur middel van konstitusionele middele te probeer om die gesag van Pretorius aan bande te lê, was dit dieselfde Volksraad wat aan Pretorius, hetsy as Kommandant-generaal, hetsy as lid van die Volksraad, telkens uitvoerende take opgedra het. Dit kon ook nie anders as in aanmerking geneem word wat Volksraadslede self van Pretorius gedink het nie. In 'n brief aan Pretorius verklaar een van hulle:

> "Wat aangaat UEd. publieke diensten tot nut van

---

besluit geneem is, was Maritz sowel as Pretorius nie teenwoordig nie omdat hulle gesuspendeer was solank as wat die rusie tussen hulle geduur het. (Notule van die Natalse Volksraad, art.13, 4 April 1840 - Preller: Voorttrekkerwetgewing, bl.48).

75) Kyk Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.14-17.

76) Notule van die Natalse Volksraad, art.12, 19 Junie 1841. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.136). Kyk ook A.J. du Plessis: a.w., bl.174.

77) Notule van die Natalse Volksraad, art.3, 21 Feb.1842. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.187). Vgl. ook ibid., art.3, 14 Maart 1842. (Ibid., bl.198).

78) Ibid.,art.4. (Ibid.) Ook ibid., art.3, 14 Maart 1842.

het algemeen was en is zedert mynen kennis aan UEd. voor ons volstrek onmisbaar. UEd. mogten vyanden hebbe, maar welk mensch van onderneming ware ooyd zonder deese ... Gedenk myn heer Pretorius, wie ooyd onder den Em(i)granten gekoomen zyn gelyk UEd., dat zulke envloed hat, en den bekwaamhedens bezat ons vyant onder den voed te brengen. Volhart en opregthyd, wees niet gestoort over een paar vervolgers die van UEd. mogenlyk kwaat spreke. Houd uwen vertrouwen op den Voorzienighyd en uwe werken zal gezegent worden."[79]

Een van die duidelikste voorbeelde van Pretorius se optrede in die plek van staatshoof, waarin hy deur die Volksraad ondersteun is, was die vereniging van die Natalse Trekkergemeenskap met dié aan die anderkant van die berg, waarmee Pretorius in Februarie 1839 'n begin gemaak het.[80] Hoewel die Potgieter-groep, wat in die omstreke van Potchefstroom en Winburg woonagtig was, deur die Natalse Volksraad as 'n deel van hulle maatskappy beskou is,[81] wat o.a. duidelik blyk uit die aanstelling van 'n landdros, ene De Klerk, en heemrade aldaar, met die opdrag om, onderhewig aan die bekragtiging van die Volksraad o.a. ook militêre ampsdraers aan te stel, is dit baie onwaarskynlik dat hierdie landdros en die Volksraad daar baie gesag, indien enige, uitgeoefen het.[82] Potgieter en sy volgelinge het hulle nie as sorterende onder die jurisdiksie van die Natalse Volksraad beskou nie en die bestuur oor die Potchefstroom-Winburg-gebied is uitgeoefen deur Potgieter self met medewerking van 'n gekose Raad.[83]

---

79) R.69a/40: C.V.Buchner aan Pretorius, d.d. 5 Nov.1840. (Voortrekker-argiefstukke, bl.114).

80) Kyk hierbo, bll.71-72.

81) Kyk hierbo, bl.72, voetnoot 57.

82) Notule van die Natalse Volksraad, artt. 3 en 4, 7 Sept.1839. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.11). Vgl. ook Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boerebestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A.II, bl.78); Walker: The Great Trek, bl.227. Die reg wat die Natalse Volksraad hulle aangematig het om amptenare vir die Potgieter-groep aan te stel (Notule van die Natalse Volksraad, art.3, 5 Sept.1839 - Voortrekkerwetgewing, bl.8) aanvaar Wichmann as 'n moontlike bewys dat daar onder die Potgieter-mense nie 'n erkende regering of regeringsliggaam bestaan het nie. Sy beskouing oor die aanstelling van hierdie amptenare is ook dat dit waarskynlik nooit sou plaasgevind het as dit nie gedoen was op versoek van diegene onder wie hulle moes fungeer nie. (a.w., bll.22-23).

83) Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A.II, bl.78); Potgieter en Theunissen: a.w., bl.116; Walker: The Great Trek, bl.228.

Pretorius, wat nog steeds die ideaal van vereniging van die twee afsonderlike Trekkergemeenskappe gekoester het, het in 1840 weer die bal aan die rol gesit, blykbaar met medewerking van Casper Kruger, voorsitter van die Potchefstroom-Winburg-Raad.[84] 'n Brief van

> "de Voorzitter Krieger uit de Raad van Hendk. Potgieter"

is naamlik deur die Natalse Volksraad ontvang,

> "waar in zy hunne begeerte te kennen geef geneegen te zyn hun met onze Maatschappy te vereenigen wanneer er billyke schikkingen bestaan zal, wenschen dus om den Commandt. Generaal met hunne Raad aldaar vereenigd te zien."

Hierop het die Natalse Raad besluit om kommandant-generaal Pretorius en 'n lid, G.R. van Rooyen, na Potchefstroom te stuur om met Potgieter en sy Raad te gaan onderhandel.[85]

Hierdie brief van Kruger is baie belangrik omdat daarin uitdruklik gevra word dat Pretorius gestuur moes word om met hulle Raad te kom onderhandel. Dit is 'n onmiskenbare bewys dat die Potchefstroom-Winburg-gemeenskap, blykbaar na aanleiding van hulle eie bestuursinrigting, vir Pretorius beskou het as die hoof van die Natalse Bestuur.[86] Miskien het die Natalse Volksraad die brief ook so geïnterpreteer, want hulle het nog 'n lid saam met Pretorius gestuur om as 'n kommissie van die Volksraad die nodige onderhandelinge te gaan voer. Pretorius sou egter die hooffiguur in hierdie onderhandelinge wees, en uit die onderhandelinge sou daar 'n baie belangrike ooreenkoms tot stand kom. Hier het Pretorius, in opdrag van die Volksraad, weer die terrein van staatshoof betree, want onderhandelinge in verband met en die sluiting van ooreenkomste,is gewoonlik die taak van 'n uitvoerende mag. In die latere Republieke was dit ook die taak van die Staatspresident, hoewel die Volksraad somtyds ook van hulle lede benoem het om as 'n kommissie saam met die President te gaan.

---

84) Vgl. A.J.du Plessis: a.w., bl.168; Walker: The Great Trek, bl.228.

85) Notule van die Natalse Volksraad, art.5, 3 Sept.1840. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.73). Deur Preller word dit voorgestel asof Pretorius uit sy eie gegaan het. (Andries Pretorius, bl.170). Potgieter en Theunissen handel baie vaag oor hierdie kwessie.

86) Vgl. ook Wichmann: a.w., bl.25.

Op 13 Oktober 1840 het Pretorius en Van Rooyen aan Mooirivier aangekom, waar hulle deur die mense met blyde schoten ontvang is. Drie dae daarna het 'n vergadering plaasgevind, bygewoon deur tussen drie- en vierhonderd mense, waarop die verenigingsooreenkoms tot stand gekom het.[87] Met die Ooreenkoms is die afgevaardigdes terug na Natal waar dit aan die Natalse Volksraad voorgelê en deur hulle goedgekeur is, blykbaar op dieselfde dag toe A.H.Potgieter en Casper Kruger as verteenwoordigers van die agterbergse Trekkers in die Natalse Volksraad ingesweer is.[88]

Behalwe die vereniging wat deur die ooreenkoms tot stand gebring is, is die dokument vir ons doel in verband met die staatshoofskap van besondere belang omdat dit verskeie bepalings bevat wat onteenseglik bewys dat die Trekkers 'n staatshoof of hoof-uitvoerende amptenaar erken het, hoewel daar volgens die Natalse Volksraad geen sodanige pos bestaan het nie.

In die aanhef van die dokument word geen melding van Pretorius en Van Rooyen gemaak as 'n kommissie van die Volksraad nie, maar word die twee persone van mekaar onderskei, net soos Potgieter en die Potchefstroom-Winburg-Raad van mekaar onderskei word:

> "Wordt door deze Bekend en vast gesteld dat ende tegenwoordigheyd van den WEd. Heer A.W.J. pretoreus Commadant-Generaal ende WEd. Heer A.H. potgiter Commadant van het Destrik Boven gemeld en de WEd. Heer G.R.van Rooyen lidt van de Volks Raat met de gesamdlyke Raat alhier tegen woordig ...."

Nog baie duideliker blyk hierdie erkenning van 'n uitvoerende hoof in artikel 3 van die Ooreenkoms, waar definitief verklaar word dat

> "het algemeen verkiest dat de WelE. Heer A.W.J. pretoreus als hoof Bestierder over de geheele volksplanting in het Destrekt Natalia en de WelE. Heer A.H.potgiter bestierder van het Distrekt potschefstroom zullende booven Gemelden Heeren hunnen Instruktis By de Volksraat moete ontvangen dat alle Nadere buhulp van Ambtenaren zullen Nader worden Bepaald."

---

87) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.3: Notule van Publieke byeenkoms te Potchefstroom, 16 Okt.1840; R.24a/39. (Voortrekker-argiefstukke, bl.52. Hierdie stuk is per abuis onder die stukke van 1839 geplaas). Kyk ook Herinneringe van A.H.Potgieter jnr. (Preller: Voortrekkermense III, bll.51-52).

88) Notule van die Natalse Volksraad, 2 Feb.1841. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bll.102-103).

Ten slotte is die dokument onderteken, eers deur Potgieter as Kommandant en Pretorius as Kommandant-generaal, en daarna deur die lede van Potgieter se Raad en G.R. van Rooyen as Lit van de Raat, waaruit afgelei kan word dat Pretorius nie hier in sy hoedanigheid as lid van die Natalse Volksraad opgetree het nie. Die Natalse Volksraad het die Ooreenkoms blykbaar onveranderd aanvaar want in die Volksraadsnotule staan alleen opgeteken dat die twee here skriftelik van hulle sending verslag gedoen het en dat dit

"tot volkomen genoegen van alle leden waren."[89]

Dit is ook opmerklik dat ná die vereniging alle belangrike korrespondensie tussen kommandant-generaal Pretorius en kommandant Potgieter plaasgevind het, terwyl mens sou verwag dat die Natalse Volksraad en die Potchefstroomse Adjunk-raad die korrespondensie sou behartig. Dit kan natuurlik toegeskryf word aan die onvolledig ontwikkelde staatsinstellings, wat dit noodsaaklik gemaak het dat die twee voormanne nie-amptelik die taak onder hulle sorg geneem het.[90]

Ook ander sake wat gewoonlik deur ŉ uitvoerende hoof behartig word, is deur die Volksraad aan Pretorius opgedra. Een daarvan was die so belangrike kwessie van naturelle-aangeleenthede, wat aan die sorg van die Kommandant-generaal toevertrou is. Dit was hy wat in Mei 1839 met die Zoeloes ŉ ooreenkoms gesluit

---

89) Notule van die Natalse Volksraad, art.1, 16 Nov. 1840. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bll. 82-83). Wichmann (a.w., bl.27) meen dat die bestierderskappe nie deur die Volksraad goedgekeur is nie aangesien volgens die bogenoemde Notule en die van 1 Feb.1841 dit nie genoem word nie. Wichmann noem egter nie die feit dat die verslag tot genoeë van al die lede was nie. Van Heerden (Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.28, voetnoot 20) beweer presies dieselfde. Hoewel die Notule van die Volksraad ŉ baie onvolledige weergawe van die verrigtinge van die liggaam is, is hierdie saak egter van soveel belang dat dit seker genotuleer sou gewees het indien dit deur die Volksraad bespreek en afgekeur is.

90) Bv. R.84/41: Potgieter aan Pretorius, d.d. 28 Aug. 1841. (Voortrekker-argiefstukke, bll.136-138). Potgieter onderteken die brief as Commandant en Bestierder te Potschefstroom. Vgl. Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.49-50.

het, waarin hulle beloof het om skadevergoeding te betaal, en toe hierdie belofte nie nagekom is nie, het die Volksraad vroeg in 1840 dit as die taak van die Kommandant-generaal beskou om die invordering daarvan te onderneem.[91] Toe Panda sy verpligtinge teenoor die Trekkers nagekom het, was dit weer aan Pretorius wat die Volksraad dit opgedra het om die Zoeloe-hoof in kennis te stel van die besluit van die Volksraad

> "dat Panda voldaan heef aan het geen de Maatschappy te vorderen had van hem." 92)

Dit was ook Pretorius wat na afloop van die tweede Zoeloe-veldtog vir Panda op die Zoeloe-troon geplaas en hom as bondgenoot van die Boere erken het.[93]

Van besondere belang is dat die Natalse Volksraad die toepassing van ŉ segregasiebeleid, waarop hulle besluit het, aan die Kommandant-generaal opgedra het.[94] Pretorius was vanselfsprekend die geskikste persoon om hierdie opdrag uit te voer want hy het nie alleen sedert sy aankoms alle onderhandelinge met naturelle gevoer en die meeste met hulle te doen gehad nie, maar hy was ook een van die eerste persone wat ŉ aanduiding gegee het van die toepassing van ŉ toekomstige segregasiebeleid, wat later die Voortrekker-naturellebeleid in Natal sou word. Skaars vier maande na sy aankoms in Natal, en na afloop van sy eerste roemryke oorwinning oor die Zoeloes, het hy in Maart 1839 sy eerste onderhandelinge met vredesgesante van die Zoeloes gehad,[95] waar Pretorius as die basis van vredesvoorwaardes en as grondslag van die Voortrekkerverhouding tot die naturelle, die volgende betekenisvolle woorde gespreek het:

---

91) Kyk hierbo, bl.74.

92) Notule van die Natalse Volksraad, art.10, 19 Junie 1841, (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.135) en nie 19 Jan. soos deur Van Heerden aangegee word nie (Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.65, voetnoot 67). Die besluit was ook nie dat Pretorius afgevaardig word om die mededeling aan Panda te doen, soos Van Heerden beweer nie, maar dat hy "verlof heeft een Commissie n Paanda te zenden om hem met de genomene besluit bekend te maaken."

93) Preller: Andries Pretorius, bl.117; Agar-Hamilton: a.w., bl.31.

94) Notule van die Natalse Volksraad, art.3, 2 Aug.1841. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bll.137-139).

95) Kyk Preller: Andries Pretorius, bll.81-88.

> "Iemand van julle wat aan die duskant (suid) van die Tugela gevind word sonder pas, sal as spioen doodgeskiet word. En as julle iemand van ons oorkant (noord) van die Tugela aantref, sal julle hom gevangeneem en by my bring." 96)

Ook na die anneksasie van die Natalse Republiek was Pretorius altyd nou betrokke by die naturellebeleid en het hy sy invloed telkens laat geld.97)

Die hierbo genoemde besluit van die Volksraad is per brief aan Pretorius oorgedra as

> "Raadsbesluiten ... betreffende in uwe post als Commt. Generaal."98)

Dit is nie net aan Pretorius opgedra om toe te sien dat die nodige skeiding tussen blankes en naturelle uitgevoer word nie, maar ook om met die naturellehoofde te onderhandel om hulle met die plan bekend te maak en hulle tot instemming en samewerking oor te haal. Indien hy dít nie kon regkry nie, moes hy die skeiding met geweld deurvoer. Van meer belang nog is die verdere besluit van die Raad dat die Kommandant-generaal mede-seggenskap sou hê in die benoeming van die <u>Resident-bevelhebber</u> van die voorgestelde lokasie, en dat hy met die naturelle ooreenkomste kon sluit. Betreffende die naturelle wat nie gesegregeer sou word nie, word aan hom ṅ betreklike vry hand gelaat om na die eis van omstandighede te handel. In die uitvoering van sy beleid is ook aan die Kommandant-generaal die reg verleen om Natalse ingesetenes te raadpleeg

> "het zy in eene publieke byeenkomst of door private consultatiën met de best geinformeerde ingezetenen."

Dit is voorwaar wye magte wat aan Pretorius verleen is en dit het van hom niks anders as ṅ minister van naturellesake gemaak nie, ṅ funksie waarvoor die Staatspresident later gedeeltelik verantwoordelik sou wees.

Die Volksraad het die Kommandant-generaal verder in beheer gestel van die jag op wild, veral in soverre as wat dit op die naturelle betrekking gehad het,99)

---

96) Aangehaal deur Preller: ibid., bl.156.

97) Vgl. Preller: ibid., hoofstuk VIII. Kyk ook A.J.H. van der Walt: <u>Die Groot Trek ,1838-1854</u>. (<u>Geskiedenis van S.A. I</u>, bl.321).

98) R.81/41: J.J.Burger aan Pretorius, 12 Aug.1841. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.131-133).

99) Ibid.

en hy moes toesig hou oor die handel wat daar tussen die naturelle en die Trekkers plaasgevind het. Hy het ook die reg gehad om 'n toesighoudende amptenaar aan te stel op die plek waar die ruilhandel sou plaasvind.[100)] In dieselfde brief dra die Volksraad aan Pretorius op om na Vetrivier te gaan en sekere grensskikkinge te maak en om sekere diefstalklagtes te ondersoek en die skuldiges te straf.

Ook is deur die Volksraad

> "besloten dat aan den Commandant-Generaal gelaten word om met die Amerikaansche Zendelingen als mede met de ambtenaren te Port Natal te raadplegen om de kaffers aldaar aantezeggen dat zy hun ter woon moet begeven tusschen Lovo (Illovo) en Omcamas aan de zeekant, als mede om enige Capitains onder hun aantestellen ook een vertrouwend persoon als een Magistraat zelfs een Zendeling te zien over te halen ter woon aldaar te gaan."[101)]

Uit hierdie enkele voorbeelde wil dit voorkom asof die hele bestuur in verband met naturelle-aangeleenthede deur die Volksraad in die hande van die Kommandant-generaal geplaas is.[102)]

Daar was egter meer terreine as dié van naturellesake waarop Pretorius staatshoofskaps-bevoegdhede uitgeoefen het, o.a. die van <u>binnelandse sake</u> - 'n begrip wat in hierdie verband nie streng modern geïnterpreteer moet word nie. Hy moes, byvoorbeeld, toe sake op een stadium in die Volksraad baie warm verloop het, 'n wag voorsien om aan die Volksraad die nodige beskerming te verleen.[103)] By ander geleenthede het hy die voortou geneem om die nood onder sy landgenote te lenig deur oproepe om hulp te doen,[104)] of as ontvanger op

---

100) R.86/41: J.J.Burger (sekretaris) aan Pretorius, d.d. 19 Okt. 1841. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll. 140-141).

101) Notule van die Natalse Volksraad, art.4, 7 April 1841. (Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bl.110).

102) Kyk A.J.du Plessis: a.w., hoofstuk III; Agar-Hamilton: a.w., hoofstuk III.

103) Notule van die Natalse Volksraad, art.25, 29 Sept. 1840. (Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bll.79-80).

104) R.23/39: Pretorius aan "Waarde Broeders en Landgenoten," d.d. 30 Jan. 1839. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bl.48).

te tree van ingesamelde ware vir sy mense wat in behoefte verkeer het.[105] Kragtens 'n besluit van die Volksraad is ook die kerkkas onder verantwoording van die Kommandant-generaal geplaas.[106] Die jag op wild was 'n saak waarop die Voortrekkers baie gesteld was, en ook die reëling daarvan is aan die Kommandant-generaal opgedra. Alleen hy was gemagtig om toestemming tot die jag te verleen, maar alleen aan geselskappe wat uit nie minder as vyf persone bestaan het nie, waarvan een bevoeg sou wees om as bestierder van so 'n geselskap benoem te word. Sodanige verlof sou hy alleen toestaan nadat 'n landdros volle besonderhede aan hom verskaf het,[107] terwyl later genotuleer is

> "dat aan Commt. Genl. opgedragen is om voor een tyd de jagt over Togela te beletten zo lang zyn Ed. er volstrekte noodzakelykheid voor ziet."[108]

Eweneens is reisigers wat St. Luciabaai wou besoek, nie met die doel om te jag of om met die naturelle handel te dryf nie, maar om rariteite te versamel, die baai te peil en 'n noukeurige kaart daarvan op te stel, deur die Volksraad vir die nodige toestemming na die Kommandant-Generaal verwys.[109] Telkens as gebuite vee, of vee wat deur die naturelle as skadevergoeding uitgelewer is, verdeel moes word, is die taak aan die Kommandant-generaal opgedra,[110] hoewel dit blykbaar vroeër die voorneme van die Raad was om spesiale kommissarisse vir die doel aan te stel.[111] Die Kommandant-generaal is toegelaat, selfs versoek, om Volksraadsvergaderinge by te woon, om die Volksraad met advies te bedien uit hoofde daarvan dat hy van alles kennis gedra het.[112] Selfs wat die aanstelling en ontslag van amptenare betref, het

---

105) R.67/40: A.G.Spies aan Pretorius, d.d. 12 Sept.1840. (Voortrekker-argiefstukke, bll.111-112).

106) Notule van die Natalse Volksraad, art.2, 18 Jan. 1841. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.94).

107) Ibid., artt. 4 en 5, 15 Junie 1841. (Ibid., bl.124).

108) Ibid., art.6, 6 Okt.1841. (Ibid., bl.147).

109) Ibid., art.10, 6 Okt.1841. (Ibid.).

110) Ibid., art.9, 14 Jan.1841; ibid., art.11, 4 Aug. 1841. (Ibid., bll.89 en 141 onderskeidelik).

111) Ibid., art.4, 14 Mei 1839. (Ibid., bl.2).

112) Kyk hierbo, bll.72-73.

Pretorius opdrag ontvang om dit te doen, of het hy dit op eie houtjie gedoen, en net soos die Staatspresident in die latere Republieke, die Volksraad gevra om sy handelswyse goed te keur. Op 6 September 1839 het die Volksraad hulle goedkeuring geheg aan die aanstelling van 'n landdros en heemrade te Port Natal, wat deur Pretorius, met toestemming van 'n paar Volksraadslede, voorlopig aangestel is.[113] Toe hy na Potchefstroom vertrek het, is besluit dat die Kommandant-generaal en sy metgesel, Raadslid van Rooyen, nie alleen sekere by die Raad ingekome klagtes teen Potgieter moes ondersoek nie, maar ook

> "om vrederegters of Een adjunkt landdrost met heemraden aantestellen, provisioneel naar verkiezing van Publiek aldaar,"[114]

en na sy terugkeer rapporteer hy aan die Raad dat hy genoodsaak was om veldkornet Karel Erasmus uit sy pos te ontslaan

> "wegens zyn ongehoorsaam en beledigend gedrag,"

wat deur die Volksraad goedgekeur is.[115]

Die Kommandant-generaal het die Natalse Republiek ook na buite toe verteenwoordig. Ons het alreeds daarop gewys hoe dit deur sy onderhandelinge met die Potgieter-groep was, wat eenheid in die Trekkergemeenskap tot stand gebring is. Sedert die Engelse hulle verskyning in Port Natal gemaak het, het Pretorius dikwels as die voorman van sy volk opgetree. So vroeg as 20 Maart 1839 skrywe hy die meer aangehaalde brief aan Jervis, bevelvoerder van die Britse besetting aan Port Natal, waarin hy baie sterk protes aanteken teen Jervis se beslaglegging op ammunisie wat deur die Trekkers bestel en hulle wettige eiendom was. In hierdie brief tree hy op as segsman van al die Trekkers, en na aanleiding van sy optrede teenoor die Zoeloes, beskou hy homself

> "uit aller naam verplegt .... wanneer het de Voorzienigheyd behaagen mogt myn waaksaamheyd en wapenen te zegenen wey leeven en van alle de geenen van ons Maadschappy te bevryden van de banden van

---

[113] Notule van die Natalse Volksraad, art.2, 6 Sept. 1839. (Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bl.9).
[114] Ibid., art.88, 28 Sept.1840. (Ibid., bl.77).
[115] Ibid., art.2, 16 Nov.1840. (Ibid., bl.83).

> de ... moordenaaren wiens daaden aan onse familie gepleegd ontytwusbaar in de gehuegen (sic!) van ons nageslagt seyn zullen ...." 116)

Toe in Januarie 1843 weer drie Engelse skepe hulle verskyning in die hawe van Port Natal gemaak het, is Pretorius as kommandant-generaal deur die Volksraad versoek om die toestand die hoof te bied, sonder dat enige bepaalde instruksies aan hom gegee is, behalwe dat hy

> "volgens krygswet zal handelen."[117)]

Die vryheid van optrede, wat gewoonlik in noodgevalle aan staatshoofde verleen word, is Pretorius egter nie lank gegun nie, want bietjie meer as drie maande later besluit die Volksraad weer dat indien Engelse troepe aan wal mag kom om Port Natal te beset, hy hulle nie, as die oormag te groot was, met wapengeweld moes teëgaan nie maar dat hy alleen formeel teen die landing protes moes aanteken. Intussen moes hy dan al die burgers oproep, die Volksraad van die gebeure in kennis stel, wat dan die nodige bevele sou uitreik.[118)] Die volgende dag het die Raad verdaag om eers weer op 14 Junie byeen te kom. Die eerste saak wat in hierdie besluit die aandag trek, is dat aan Pretorius opgedra is om formeel protes teen die oortreding van 'n buitelandse moondheid aan te teken - 'n taak wat gewoonlik deur die staatshoof volbring word, en wat in hierdie geval eintlik deur die Volksraad, wat vir hulleself die uitvoerende mag toegeëien het, gedoen moes word. 'n Ander gevolgtrekking wat uit hierdie besluit afgelei kan word, is dat die Volksraad betreklik gerus was dat die saak in Pretorius se hande was, anders sou daar op so 'n kritieke tydstip seker geen verdaging plaasgevind het nie.

In Junie 1842, toe die Britte Port Natal met mening binnegeval het, tree Pretorius weer op versoek van die Volksraad op as bevelvoerder van die verdedigingsmagte, maar hierdie keer voorsien van 'n hele reeks

---

116) R.27/39: Pretorius aan "de Commandeerende Officier te Port Natal," d.d. 20 Maart 1839. (Voortrekker-argiefstukke, bll.59-60).

117) Notule van die Natalse Volksraad, 17 Jan.1841. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.93).

118) Ibid., art.3, 12 April 1841. (Ibid., bll.117-118).

instruksies. Weereens is aan hom opgedra om formeel protes aan te teken en allerlei pogings, behalwe geweld, aan te wend om die Engelse te beweeg om terug te keer, en as dit nie slaag nie en die Engelse landinwaarts beweeg, moes hy hulle met geweld probeer keer.[119] Blykbaar was Pretorius al moeg vir al die feitlik onnodige instruksies wat hy ontvang het en vestig hy die Raad se aandag op die besluit wat hulle op 17 Januarie 1841 geneem het.[120] Dit is duidelik dat Pretorius nou in die gees van hierdie besluit wou optree.[121] Ook hierdie optrede van die Volksraad moet gesien word as deel van hulle

> "voortdurende stryd ... vir selfhandhawing teen die kommandant-generaal met sy onbetwisbare leierskapsmoontlikhede ...."[122]

Waarskynlik moet dan ook hierin die rede gesien word waarom Pretorius teenoor die Engelse nie so positief as volksleier op die voorgrond getree het as wat hy ná die anneksasie en tydens sy verdere loopbaan gedoen het nie. Nadat Natal geannekseer was, het Pretorius hom voorlopig aan die nuwe Regering onderwerp, want

> "moontlik het hy gedink om met liefde en vrede veel vir die Trekker-ideaal te vermag."[123]

Toe dit nie geslaag het nie, het sy mede-burgers weereens hulle toevlug tot hom geneem, en nou, sonder enige beperkinge van die kant van 'n Volksraad, kon hy, hoewel nie as amptelike staatshoof nie, maar wel as hulle verteenwoordiger, in sy volle krag na buite optree. In Oktober 1847 het hy sy opwagting by sir Henry Pottinger, die waarnemende Goewerneur en Hoëkommissaris, in Grahamstad gemaak, alwaar hy die vernederende ondervinding moes smaak dat Pottinger geweier het om aan hom oudiënsie te verleen.[124]

---

119) Ibid., 26 Feb.1842; 2 Junie 1842; 10 Junie 1842. (Ibid., bll.196, 208-209 en 210 onderskeidelik).

120) R.95/42: Uittreksel uit Raadsbesluit, 17 Jan.1841, deur Potgieter gemaak, d.d. 5 Mei 1842. (Voortrekker-argiefstukke, bll. 170-171).

121) Vgl. Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.64.

122) Ibid., bl.64, voetnoot 66.

123) Ibid., bl.17.

124) Ibid.; Preller: Andries Pretorius, bll.316-323.

het, het hy veel vermag en het die idee van 'n uitvoerende hoof sterk by die Trekkers ingeslaan. Na sy dood het die reaksie wat van die kant van Maritz en sy volgelinge gekom het teen die sogenaamde outokratiese status van Retief, die idee van 'n staatshoof laat verongeluk, hoewel daar baie Trekkers was wat die noodsaaklikheid van so 'n hoof steeds bly insien het, en nieteenstaande verskeie pogings, o.a. deur Boshof aangewend, om so 'n amp weer heringestel te kry, het die Volksraad in hulle sienswyse volhard en die uitvoerende gesag sogenaamd in eie hande geneem. Die Volksraad kon egter nie aan die eise wat so 'n mag meebring, voldoen nie, en om algehele verwarring en chaos te voorkom, moes die Kommandant-generaal, somtyds tot groot leed en omgerief vir homself, optree om die belange van die Trekkergemeenskap te handhaaf. Van die staatshoofskap van Retief het daar in Natal dus net 'n fragment oorgebly in die kommandant-generaalsamp, en dit nog nie-amptelik; en die uitvoerende gesag waarmee Retief beklee was, het deur die toedoen van die Natalse Volksraad tot niks meer as 'n karikatuur vervaag nie.